


# DIE TABERNAKEL #2: Die Heiligdom




Die **Heiligdom**, die middeldeel van die Tabernakeltent, was 'n vertrek waar die priesters rituele ter ere van God uitgevoer het.

Die Heiligdom was 9 m lank, 4,5 m wyd en 4,5 m hoog. 'n Pragtige gordyn of voorhangsel van blou, pers en skarlaken materiaal het aan vyf goue staanders gehang en dit van die Allerheiligdom afgesonder.




*Van die sewe voorwerpe in die Tabernakel was twee in die Binneplein, drie in die Heiligdom en twee in die Allerheiligdom (die onderwerp van Traktaat #3).* ***Volgens die Bybel is sewe die volmaakte getal.***



Soos in die vorige traktaat beskryf, is die eerste ding wat ons teëkom wanneer ons by die Tabernakel ingaan die Brandofferaltaar. Dié altaar verwys na die Kruis, die simbool van die offer wat ons Verlosser ter wille van ons gebring het.



Dan kom ons by die Bronswaskom. Die Waskom simboliseer afsondering van die wêreld en die vlees, en van die dinge wat ons besmet, deur suiwering deur die water van Woord. (Die Doop kragtens die Nuwe Verbond.)

## NOU GAAN ONS DIE HEILIGDOM BINNE

1 Eers kom ons by die Tafel van die Vertoonbrode, die plek van ***gemeenskap***. In Johannes 6:35 sê Jesus: "Ek is die brood van die lewe. Wie na My toe kom, sal nooit honger word nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors word nie." Later, in vers 51, voeg Hy by: "Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy vir ewig leef. En die brood wat Ek sal gee, is my liggaam wat ek gee vir die lewe van die wêreld." Aäron en sy seuns het twaalf brode, gemaak van die fynste meel, op borde van suiwer goud geplaas. Die brode, ook genoem *die brood van God se teenwoordigheid*, is in twee stapels van ses elk gerangskik en met wierook besprinkel.



## "Julle is die lig vir die wêreld"

2 Jesus sê: "Julle is die lig vir die wêreld" (Matteus 5:14).

Na die Vertoonbrode kom ons by die Kandelaar, wat die salfolie van die Heilige Gees gebruik om te brand en staan vir ***Getuienis***. Ons, wat deur die bloed verlos is by die Brandofferaltaar, deur die Woord gereinig is by die Waskom, gemeenskap geniet het en gevoed is deur die Woord van God by die Tafel, is nou gereed om te getuig deur ons lig te laat skyn.



3 Hierna kom ons aan by die goue Wierookaltaar, reg voor die gordyn wat die Allerheiligdom afsonder. Dié altaar is die simbool van ***gebed en voorspraak***. Die soet geur van die wierook verteenwoordig die mense se gebede wat omhoog sweef na God toe. Die wierook moes *onophoudelik* brand, net soos ons "sonder ophou" moet bid" (1 Thessalonisense 5:17).

**Dié altaar spreek fundamenteel van ons Verlosser se voortdurende voorspraak namens ons by God, as ons Hoë Priester in die Hemel.**









**Die grootste skilder wat ooit geleef het, kan 'n wonderlike skildery van die berg Everest maak, wat die grootsheid en hemelhoë majesteit van dié yslike piek vasvang. Nietemin kan die skildery nooit so oorweldigend soos die berg self wees nie. Dit beteken egter nie ons moet die skildery verontagsaam nie - dit kan ons steeds besiel en iets leer.**

**Dieselfde geld die Tabernakel: dit is wel net 'n afbeelding en afskaduwing van die hemelse oorspronklike, maar dit gee ons nogtans 'n volledige beeld van God se Verlossingsplan. (Tog is daar heel gawe predikers wat die lering van die Tabernakel misken!) Terwyl ons nog hier op die aarde leef, is daar niks belangrikers en niks wat ons heerliker sal vervul as om God se wette te gehoorsaam en sy leringe te volg soos ons dit in sy Woord ontdek nie. Leringe wat in sewe stappe in die Tabernakel uiteengesit word!**

## *Kom ek benadruk dit!*



Die blote feit dat die leringe van die Tabernakel God se denke en die waarheid soos dit in die hemel bestaan, weerspieël, behoort oorgenoeg aansporing te wees om ons gehoorsaamheid te verseker.

Nog 'n rede waarom die stoflike wêreld afsteek by die geestelike wêreld, is dat die stoflike wêreld onderhewig is aan die beperkings van tyd, ruimte en die natuurwette.

**God se hemel ken geen sulke beperkings nie!**

**Kom ons dink oopkop en vermy enige wanindrukke!**

**DIE LERINGE VAN DIE TABERNAKEL HOU REGSTREEKS VERBAND MET DIE NUWE TESTAMENT**


**"Hulle bediening is 'n afbeelding en afskaduwing van die hemelse, net soos die goddelike opdrag wat Moses ontvang het toe hy die ware Tabernakel moes oprig, en God aan hom gesê het: 'Let op dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat vir jou op die berg gewys is'."** (Hebreërs 8:5)




## Nou weer die Tabernakel

### *Die Fondament van Bloed*

4 Die dele wat die Heiligdom en die Allerheiligdom bevat, het 'n fondament van 100 silwervoetstukke gehad. Elke voetstuk het sowat 45 kg geweeg - altesaam 4,5 ton! Die voetstukke was in 'n reghoek gerangskik en elkeen het 'n gleuf gehad waarin 'n doringhoutplank gestaan het. Die planke was met goud beslaan en het die Tabernakel se mure gevorm. **Alles berus op dié fondament - alles staan en val op die enkele basis.** Die silwer vir die fondament is deur die Israeliete uit Egipte gebring.



Die vergulde muurplanke wat in die silwervoetstukke pas

### *Die Allerduurste Gebou!*



Eksodus 30 verduidelik hoe dié enorme hoeveelheid silwer bekom sou word. Vers 11-13 en 15: "Die Here het met Moses gepraat en vir hom gesê: 'Wanneer jy 'n hoofdelike telling hou van die Israeliete, van dié wat ingeskryf is, moet elkeen van hulle vir die Here losgeld vir sy lewe gee wanneer hulle getel word, sodat wanneer hulle getel word daar geen plaag onder hulle sal uitbreek nie. Dit is wat elkeen moet gee wanneer hy getel is: 'n halwe sikkel volgens die standaardgewig van die heiligdom - twintig *gera* is 'n sikkel. Die halwe sikkel is 'n wydingsgeskenk aan die Here. Rykes moet nie meer gee nie, en armes nie minder nie as die halwe sikkel wat gegee moet word as die Here se wydingsgeskenk om versoening te doen vir julle lewens'."

### *Iets oor die Losgeld*

5 Silwer in dié verband is ***losgeld***, wat deur elke enkele Israeliet betaal moes word. Versuim om die losgeld te betaal, is gevolg deur die dood en afsnyding van die volksvergadering van Israel. Dit was egter 'n bloot nominale bedraggie wat elkeen kon bybring en, merkwaardig genoeg, het ryk en arm dieselfde bedrag betaal! Al was die bedrag so klein, het dit uiteindelik op byna vyf ton silwer neergekom.

**Silwer in die Bybel dui op versoening, en dié versoening geskied altyd deur bloed. En so sien ons dat die silwerfondament waarop die Tabernakel gestaan het, beteken dis gebou op die versoeningsbloed van 'n Plaasvervanger, die bloed van die Lam.**

***Die muntstukkies wat Moses*** by elke volwasse man in Israel gekry het, is gebruik om 100 silwervoetstukke te maak. Dis hoe dit in Eksodus 38:25-27 aangeteken is: "Die silwer van die geteldes van die volksvergadering was 100 *kikkar* en 1 775 sikkel, volgens die standaardgewig van die heiligdom. Dit was 'n *beka* per kop, 'n halfsikkel volgens die standaardgewig van die heiligdom, vir elkeen vanaf twintig jaar en ouer wat getel is, altesaam 603 550 man. Die 100 *kikkar* silwer was vir die giet van die voetstukke van die heiligdom en die voetstukke van die voorhangsel - 100 voetstukke van die 100 *kikkar*, 'n *kikkar* per voetstuk."



Die volkstelling

***Die Tabernakel het dus geheel en al gerus*** op 'n fondament gemaak van silwer wat die kinders van Israel geskenk het. In die Bybel word silwer dus 'n simbool van die prys van versoening. Aangesien geen versoening sonder bloed moontlik is nie, dui die silwer op bloed, die bloed van ons liewe Heer, Jesus Christus.

Silwer as losgeld is 'n tema wat gereeld in die Bybel voorkom. Baie jare na die Tabernakel in die woestyn is koning Dawid pynlik daaraan herinner dat geen volkstelling sonder die losgeld moontlik is nie. In 2 Samuel 24 en 1 Kronieke 21 lees ons van Dawid se groot sonde. Hy het opdrag gegee dat die mense getel moet word, en al het Joab beswaar gemaak, is die halwe sikkel nie ingevorder nie. Dit het tot die dood van 70 000 van die manne van Israel gelei.






TRAKTAAT © GEORGE ROSS

*En so eindig ons nog 'n traktaat af. Bou jy op die bloed? My vriend, leer die les, keer jou rug op jou eie pogings tot geregtigheid en soek die toevlug van die bloed van die Lam op. "Laat ons dan met vrymoedigheid die troon van genade nader, sodat ons ontferming en genade kan ontvang om op die regte tyd gehelp te word."* (Hebreërs 4:16)

*Kontak:*

**www.bibletrakts.com**